Kan jy die volgende woorde reg spel?

A

A-span, **BA-graad**, **X-strale**; **o. 19A-span**
(Samestellings met afkortings, simbole en getalle kry ’n koppelteken.)

Ons is geheg **aan mekaar**. Hulle skryf gereeld briewe **aan mekaar**. Ons is baie geheg **aan mekaar.** MAAR Dit reën **aanmekaar**, d.w.s. aanhoudend. (EEN woord)

aaneenskryf of aanmekaarskryf (skryf vas, nie in drukletters nie) MAAR Juffrou laat ons **aaneen skryf** (die hele tyd, sonder ophou)

Hy het ’n vreeslik irriterende **aanwensel** OF **aanwendsel**.

aardjie na sy vaartjie (aar*d* na jou vadertjie)

aartsvyand; aartsbiskop

abattoir (openbare slagpale)

adellik; die **adellike** families

adolessent; adolessensie

adres; adresseer (Twee ***s***’e, want die *e* van *adres* is ‘n kort, beklemtoonde klank)

aërobiese oefeninge

afdraand (NIE *afdraend* NIE!)

Ek het ’n **afkeer van** onbeskoftheid. OF Ek is **afkerig van** OF Ek **keur** dit af.

Hulle het omtrent **afgetjop** in die wedstryd.

Afrikaanse onderwyser (praat Afrikaans) MAAR **Afrikaansonderwyser**

aggressie; **aggressiewe** gedrag; die **aggressor**

agtelosig OF **agterlosig**

Ek haat ’n **agteraf** geskinder, MAAR Die boek val **agter af**.

Ek moet **agterbly**; Ons het **agtergebly**.

Die skool begin **agtuur** (tydstip) en dan moet ons **agt uur** (tydsduur) lank werk.

[Let op die tydsaanduiding. Dit is **9:30** of **6:00**. NIE ’n *h* in die middel NIE.]

akademie

akkommodasie; akkommodeer

Hy het gou **geakklimatiseer.** (aan ‘n nuwe omgewing gewoond raak)

akkuraat

al hoe meer

alkoholis; ’n **alkoholiese** drankie

alombekend

Ek was **allesbehalwe** (d.w.s. glad nie) tevrede. MAAR Ek eet **alles behalwe** pampoen.

al meer

al twee OF **al drie** OF **al ses** (TWEE woorde)

al weer MAAR **alreeds**

aluminium

amptenaar

Aan die **een kant** stem ek saam, maar aan die **ander kant** verskil ek van jou. MAAR Ons woon **anderkant** die hoofstraat.

a nee a!

apparaat; apparatuur

Hy teken **appèl** aan teen sy vonnis. OF Hy **appelleer** teen sy vonnis.

armoede; armoedig (Net EEN *m*)

asseblief (van die Nederlands *alsjeblieft*)

assesseer; assessering

as’t ware OF **as ’t ware**

B

baasspeel; Sy het **baasgespeel** oor ons. Sy is vreeslik **baasspelerig.**

baie keer OF **baiekeer** MAAR **baie kere** (Altyd TWEE woorde)

bakterie; bakterieë

ballon, ballonne

basaar (NIE ’n *z* soos in Engels NIE)

Hierdie lys is **gebaseer** op die jongste uitgawe van die *AWS*. (Net EEN *s*, want in die stam, ***ba****sis,* is die ***a*** ’n lang klank.)

bataljon

beampte; net soos **amptenaar**

begraafplaas MAAR **begrafnis**

Ek **bejeën** hom met groot agting.

bekendstel; bekendgestel OF **bekend stel**

beld OF **belt** (om jou middel) meervoud: **belde**

’n **belese** persoon**; meer en mees** OF **belesener, belesenste**

benodigdhede OF benodighede

beoordeel; beoordelaar (Net een *e*, want dit val in ’n oop lettergreep: *be-oor-**de**-laar*)

’n **berese** OF ’n **bereisde** persoon

bestanddele

beuel (musiekinstrument); **beul** (laksman)

bitter min; bitter kwaad; bitter jammer

blameer (want die stamwoord *blaam* het ‘n lang *aa*-klank)

bloeddorstig (stamwoorde is *bloed* + *dors*)

blou Maandag, MAAR **bloublasie, blouvitrioel, bloukappie en bloureën** (plantname); **bloukous** (geleerde, beterweterige vrou); **blouwildebees** (want dis samestellings)
bruinbrood, bruinsuiker; growwebrood
buitestander (Net EEN *a*; net soos **omstander)**
burgemeester (oorspronklik in Nederlands die *meester* van 'n *burg*, d.w.s. 'n versterkte stad of kasteel)
Ons kom almal pouse **bymekaar**.
Ons is al jare lank gelukkig **by mekaar**. Dit is ons **bymekaarkomplek.**
Jy moet my **bystaan**. Hy het my **bygestaan**.

C

Dit was asof **chaos** uitgebreek het. Alles was in 'n **chaotiese** toestand.
cliché – clichés ('n afgesaagde, geykte uitdrukking)
chauffeur
cholesterol OF **kolesterol**
confetti OF **konfetti**
crèche – crèche's OF **crèche'e** (Die slot-*e* word nie gehoor nie; dus 'n afkappingsteken)
Hy is **chronies** afwesig. Dis 'n **chroniese** siekte.
chronologies OF **kronologies**: Vertel alles wat gebeur het in **chronologiese** volgorde, van die begin tot die einde. Dus: Ons moet ons horlosies **sinchroniseer** OF **sinkroniseer**
cul-de-sac ('n doodloopstraat)

D

Hy skuil **daar agter** OF **daaragter**. (Net soos **daar buite** OF **daarbuite**.)
Ek moes 'n **dag lank** wag. Dit het twee **jaar lank** geduur.
Die baba is **tien dae oud**; **ses jaar oue** kind
dag-vir-dagroetine OF **dag-vir-dag-roetine**
'n **dagvaarding** om voor die hof te verskyn
dameskoene en **manskoene** (Net EEN *s*)
debat; debatteer (twee t's, want die *a* is 'n kort klank)
debuut; debuteer; **debutant** (Net een *t,* want in die stamwoord is die *uu* 'n lang klank.)
deurgaans
definisie; definieer (NIE 'n deelteken nie)
definitief
die **deining** van die see
Ek **deins** terug om die hou te ontwyk.
déjà vu (uitspr: *dei zhaa woe*) (die gevoel dat 'n mens iets al voorheen ervaar het)
Ek **ly** aan **depressie.** Ek voel **depressief**.
Die tamaties is **derde graad** OF **derderangs**, maar dis **derdegraadse** tamaties OF dis **derdegraadtamaties**.
'n **derdejaar**; 'n **derdejaarstudent**
Hy is **desperaat**; iets uit **desperaatheid** doen
al die **detail**; Gee 'n **gedetailleerde** beskrywing.
My pa sal my **deurloop** as ek dit doen.
dieet – diëte
Die **dirigent dirigeer** die orkes.
disko - disko's
Gebruik jou eie **diskresie.** (goeie oordeel)
diskriminasie; diskrimineer teen iemand
dissipline; **dissiplineer**; **dissiplinêre** stappe; goed **gedissiplineerde** kinders
dokter - dokters (geneesheer)
doktor - doktore (akademiese titel)
Ons het **douvoordag** opgestaan.
driekwartier
dronkbestuur (s.nw.); Hy het **dronkbestuur** OF het **dronk bestuur**, 'n **dronk bestuurder**
Hy het **drooggemaak.** (iets verbrou; het niks uitgerig nie)
Ek sal die rok laat **droogskoonmaak**.
dubbelelongontsteking; dubbellongontsteking
dynserig (mistig; nie helder nie): 'n Mens kan nie ver sien in die **dynserige** lug nie.

E

Dit sal nog **eendag** gebeur. OF **Eendag** lank gelede. Net soos: **Eenkeer** lank gelede
Ek was vanjaar net **een dag** of net **een keer** afwesig.
eenders OF **eners**
Die muur is skoon aan die **een kant**. Aan die **een kant** is dit waar, maar aan die **ander kant** is dit ook nie waar nie.
Een-twee-drie was ons klaar!
Dis die **eerste span**, maar **eerstespanspeler**
eeue oue (TWEE woorde)
effektief; die **effektiwiteit** van
egoïs (selfsugtige persoon; iemand wat heeltyd oor hom/haarself praat); **egoïsme** OF **egotisme**; **egoïsties** OF **egotisties**
eisteddfod (Walliese woord vir kunswedstryd)
eksaminator; eksaminatrise
elektriese; elektrisiteit; elektrisiën;

ww.: **elektrifiseer**

Eindelik *[at last]* is die werk klaar en ek is nie **eintlik** *[actually]* moeg nie.

enigiemand OF **enige iemand**

enigiets MAAR **enige iets**

enkelouergesinne

entrepreneur

e-pos; Ek het dit **ge-e-pos** na jou **e-pos-adres**.

Hy het **erekleure** vir sport. (NIE *ereklere* NIE)

Hy is **ernstig** (NIE *erenstig* NIE!)

Dit is **essensieel**. Doen liewer net die **essensiële,** d.w.s. net die noodsaaklike.

eufemisties (versagtend)

evolusie OF **ewolusie** (net soos **revolusie**)

Dis vir my **om't ewe** OF **om 't ewe**

F

familie (NIE *famielie* of bv. *poliesie* NIE)

Dis net 'n **fase.** Ons sal dit later **uitfaseer** (Net een *s*, want die *a* van *fase* is 'n lang klank.)

faset; al die **fasette** van die saak

Dit is die presiese, **feitelike** gegewens (afgelei van *feit)* MAAR Ek is **feitlik** klaar.

feesvier

die **feetjies** in **Feetjieland**

fel; feller; felste (skerp): Die son brand **fel**.

fenomeen (verskynsel); **fenomenaal**; die **fenomenale** groei van die ekonomie

Hy is so vol **fiemies**.

fieterjasies (onnodige versiersels; toebehore of tierlantyntjies)

filet – filette van vleis of vis (Klem is op die *ê.*)

finansieel maar **finansiële**

Die wedstryd was baie **fisiek.** (liggaamlik)

Dis vir my **fisies** (liggaamlik; ook natuurlik) onmoontlik om betyds klaar te maak.

flets (bleek, vaal, dof, ongesond): **fletsblou** oë

flikflooi (berekend vriendelik wees; iemand vlei om iets uit die persoon te kry; inkruiperig wees)

flirteer OF **flirt**; het **geflirteer of geflirt** (flankeer)

foendie – foendies OF **foendi – foendi's** OF **fundi – fundi's** ('n kenner op 'n sekere terrein, bv. Hy is 'n **rekenaarfoendie**.)

foeter: pak slae gee of lastig wees of peuter

fondse; **fondsinsameling** MAAR Die ontdekking is 'n groot **vonds** (afgelei van *vind*) meervoud: **vondste**

frikkadel - frikkadelle

Dit was omtrent 'n **frustrasie**. Dit **frustreer** my.

fundeer (van 'n fundament voorsien): Ek **fundeer** my argument op die volgende …

funksioneer (werk): Die masjien **funksioneer** baie goed.

fusilleer (doodskiet); **fusillade**

fynbesnede gelaatstrekke

G

Getalle onder 20 word (net soos in Engels) ***uitgeskryf*: drie** kinders**, twaalf** appels

galery – galerye (NIE *gallery* soos in Engels NIE)

Hulle ry op 'n **galop**. Die perde **galop**. Ons **galop** sommer gou deur die spelwoorde.

gedistingeerde (fynbeskaafde) persoon

gedwee OF **gedweë**

Die boom het **geel wortels**.

Ek hou van **geelwortels**.

gedurende

Net **gegradueerde** persone kan aansoek doen.

geïnteresseerd

Ek kom spreek jou **te** OF **ter gelegener** OF **geleëner tyd** (as dit jou pas; as dit vir jou **geleë** is)

geleentheid; geleenthede

gelukwens; het **gelukgewens**

Hulle speel **gelykop.**

Ek is nie meer **geneë** (lus) om jou te help nie.

Eers die **generiese** (algemene) inligting en daarna volg die spesifieke inligting.

Dit verskaf my groot **genoeë** (afgelei van *genoeglik*)

Die firma se finansiële state word **geouditeer** deur die **ouditeur**.

Dit was 'n spesiaal **gereëlde** byeenkoms. MAAR Hy tree op by een van ons **gereelde** byeenkomste van die jaar.

gerieflikheidshalwe OF **geriefshalwe**

geringskat; die **geringgeskatte** span

'n **gevangene** (mens in 'n tronk) - **gevangenes**

Hy is in die **gevangenis** (tronk) - **gevangenisse**

Hy word **gevange** geneem. Hy dien **gevangenisstraf** uit. Hy is in **gevangenskap** OF **gevangeskap**.

Hy tree soms **geweldadig** op.

'n regte **geweldenaar - geweldenaars**

gewoonlik (NIE *gewoontlik* NIE)

gholf (anders as *golf* in Engels)

"**Gmf!** (tussenwerpsel) Dit sal die dag wees!"
Ek is **g'n** bang vir jou nie.
Dis 'n **godskreiende** skande.
Ek tree op na **goeddunke**.
Ek het dit **goedgedink** om jou te vergewe.
goedgemanierd OF **goed gemanierd**
goed georganiseer (twee woorde, want jy kan sê **beter georganiseerd** of die **beste georganiseerd**)
Moenie jou kind se skandes **goedpraat** nie.
Goeiemôre! Goeiemiddag! Goeienaand! (EEN woord as dit 'n groet is)
graadeentjie; die **graadtiens**; die hele **graadnegeklas;** my **graadtweejuffrou**
Hy **gradeer** die lemoene of het dit **gegradeer**, *maar* Hy het verlede jaar aan die universiteit **gegradueer**.
graffiti
Graveer asseblief my voorletters op die ring.
grimering; **grimeer** (net een *m*)
Dis tyd dat jy **grootword** en jou gedra!
Sy moet die kind **grootmaak** . Hy het **grootgeword** (elke keer EEN woord)
Alle **grootmense** (volwassenes) is nie noodwendig **groot mense** (groot van postuur) nie.
gruis (fyngemaalde klippies) MAAR **grys** (kleur)
guerrillavegters
guillotine
gunstelingfliek; **gunstelingsanger** (EEN woord, want dis samestellings van twee s.nwe.)

H

Dis alles in die **haak**. My voet **haak** vas en ek val. (NIE **hak** soos hakskeen,skoenhak nie)
Ek kon nie hond **haaraf** maak nie, d.w.s. ek kon niks uitrig nie.
halfagt, halfdronk, halfoop, halfbang; halfnege; 'n **halfuur** (Altyd EEN woord)
hallusinasie; Dit lyk my jy **hallusineer**.
Hy het **halsstarrig** geweier om dit te doen. (hardnekkig, koppig; eiesinnig)
hamer (Anders as in Engels en selfs al is die *a* 'n kort, beklemtoonde klinker)
handdoek
hande-viervoet
Hulle het **handuit geruk** OF **hand uitgeruk**.
hand vol; **hande vol**; **handjies vol**
Hou op **hanna-hanna.** (nonsens praat)
Hy hou hom **hardekoejawel** OF Hy is 'n regte **hardekoejawel.**
Die span is **heel onder** aan die punteleer
heeltemal (NIE *heeltemaal* of *heentemal* NIE)
Ek dink die **heeldag/heeltyd/heelaand** OF die **hele tyd/hele aand** aan jou.
heimwee; net soos **weemoed;** die wel en **wee** (SONDER 'n deelteken)
Ek jou al **herhaalde** kere gewaarsku.
herinner (*her* = weer + *innerlike*)
Hulle is op **heterdaad** OF **heter daad** betrap.
higiëne; Alles is in 'n **higiëniese** toestand.
hoera's (Dit eindig op 'n lang, beklemtoonde *a*)
Hoesit! OF **Hoezit**! ('n tussenwerpsel as groet)
Dit was **horribaal.** (afskuwelik, baie erg)
Ek kan nie meer met hom **huishou** nie.
Ons gaan **huis toe; skool toe; Bellville toe; winkel toe.** (ALTYD twee woorde)
huwelik; huwelike

I

ideale (NIE *idiale* NIE) Hy is baie **idealisties.**
idille; Dit lyk alles so **idillies** op die plaas.
iesegrimmig (stuurs, nukkerig, nors)
ikon – ikone OF **ikoon - ikone**
Ek is **immuun** teen … ; Jy laat jou **immuniseer** teen pokke.
implement; **implementeer**; **geïmplementeer**
implikasie; Wat **impliseer** jy?
in ag neem; doen dit met **inagneming** van ….
in der haas OF **inderhaas**
individu OF **indiwidu**
Hou my raad **in gedagte** MAAR Sy is altyd so **ingedagte** en deur die blare.
ingenieur; ingenieurswese
Jy neem die **inisiatief**; die staat se **inisiatiewe**
insinuasie; Wat **insinueer** jy van my?
inspekteur; **inspektrise**; ww: **inspekteer**
inspirasie; inspireer; geïnspireer; inspirerend; die **installasie** van …; werkwoord: **installeer**
intellek – intellekte; Hulle voer 'n **intellektuele** gesprek.
intelligent; **intelligensie**. So baie **intelligente** kinders spel dit verkeerd as "intellegent"!
intensiteit; **intensiveer** (NIE *intensifiseer* NIE)
interessant; geïnteresseerd
Moenie **intjip** as ek praat nie.
intuïsie; Ek het dit **intuïtief** aangevoel.

inwy; die **inwyding** van die nuwe saal
irriteer; **irriterend**; Dis ‘n groot **irritasie**.

J

jaarin en **jaaruit** (EEN woord)
Ja-nee, die Afrikaanse spelling is maar moeilik.
jare lank; ‘n **jare lange** stryd
Die **Japanners** hou van **Japannese** kookkuns.
Hy vra die **jawoord**.
Jy moet jou plig **jeens** jou skool nakom.
jislaaik OF **jislaik** (tussenwerpsel of uitroep)
jogurt
die **jong man** OF die **jongman**
van jongs af; van kleins af
juweel – juwele; juwelier
Hy **jy en jou** sommer sy ouers.

K

Ons sal die werk gou **kafdraf.** MAAR Hy kan darem baie **kaf praat.**
kafeïen; **kafeïenvrye** koffie
kanon - kanonne
kanselier (Die **visekanselier** is die rektor van ‘n universiteit.)
kansellasie; kanselleer
kaperjolle (vrolike kaskenades)
karnaval
kasset; kassette; kassetopname
kassier – kassiers van die bank
katalisator
katalogus (klem op ka***TA***logus)
kategorie (klem op laaste sillabe); **kategorieë**
Hulle vang weer **kattekwaad** aan.
Jy sal moet **katvoet** loop vir hom.
Kersboom (hoofletter)
kettinkie
van kleins af; van kindsbeen af
Jy moet **klaarmaak**; ons moet nou ry
Dis **klaarpraat** met hom …
Klassifikasie; werkwoord: **klassifiseer**
Ek kan dit nie mooi **kleinkry** (verstaan) nie.
Skryf dit óf in **kleinletters** óf in **hoofletters**.
kleurtelevisie
Komaan!
Soos ‘n **koeël** uit ‘n geweer.
koevert
kollega – kollegas [NIE *kolegas* NIE]
kollekte; persoonsnaam: **kollektant; kollekteer**
Hy is ’n **kolos** van ’n man.Hy is **kolossaal**. Dis ’n **kolossale** gebou.
kommissaris
kommissie MAAR **komitee**
kommunikasie; kommunikeer
kompetisie; kompeteer
Hulle **komplementeer** mekaar. (vul mekaar aan om ’n geheel te vorm)
Hy **komplimenteer** haar oor haar werk. (gee ’n kompliment of ’n pluimpie)
Ons het **komplimentêre** (gratis) kaartjies vir die konsert.
kontrole; Die **kontroleerder** OF **kontroleur** sal ons werk kom **kontroleer**.
kop-aan-kop-botsing OF **kop-aan-kopbotsing**
Dis ’n **kopie** van die oorspronklike. **Kopieer** dit op die kopieermasjien. Ek doen **kopiëring**.
Ek sal eers moet **kopkrap** oor die probleem.
kop onderstebo OF **koponderstebo**
’n **kopseerpil**; ’n **hoofpynpil** (EEN woord, want dis samestellings)
korrespondensie; korrespondeer
‘n **kortafstandatleet**; **langafstandatleet**
Hy is op die **kortlys**. Sy is **gekortlys**.
Ons kies sommer **kortpad** dorp toe.
Die situasie is **kritiek**. Die pasiënt is in ’n **kritieke** toestand. MAAR ’n **Kritiese** bespreking van die verhaal. OF Sy is baie **krities** oor ander se klere.
krokodil - krokodille
kurrikulum; buitekurrikulêre bedrywighede
Moenie **kwaadpraat** van ander nie.
Hulle is al jare lank **kwaaivriende**.
kwartaalliks
Moenie sulle dinge **kwytraak** nie.
Hulle sal hom sy skuld **kwytskeld**.
Ons het dit gesien op die **kykweer** (op TV).

L

laagvat of **hoogvat** in rugby
Dis nou my **laaitie** OF **laitie** dié. (seun)
’n **laat-maar-loop-houding**
laboratorium
landdros
Sy dra ‘n **lang broek** wat op die grond sleep.
MAAR Sy dra gewoonlik **langbroeke**.
Hy neem **langverlof**.
Ek het hom **lanklaas** OF **lank laas** gesien.
leeruitkoms – al die **leeruitkomste**
‘n goeie lewe **lei**; **lei** die perd; Hy **lei** ons.
lektor – lektore; lektrise - lektrises

leraar - leraars (predikant)
leuen; leuenaar
'n kort **lewenskets** van die skilder (Net EEN *s*)
Hy is gewoond aan 'n hoë **lewenstandaard**.
liassering; werkwoord: **liasseer**
liefhê; **liefgehad** MAAR **lief kry**
Ek **lig** jou in oor die saak (vergelyk **inligting**), MAAR ek **lug** my mening oor die saak.
Die huis staan **in ligte laaie.** (is aan die brand)
linguis ('n taalwetenskaplike); die **linguistiek**
liniaal; liniale (net een *a*, want dis in 'n oop lettergreep*: li-ni-**a**-le*)
literatuur; literatuurstudie
losgemaal – losgemale (in rugby)
Hierdie woorde moet jy **los skryf.**
Hy **ly** aan 'n kwaal. Sy **ly** swaar. (sukkel; kry swaar) MAAR Die leier sal die span **lei**.
'n **luukse** uitgawe van die Bybel; Dit lyk baie **luuks** OF **luuksueus**. Ons het nie geld vir so 'n **luukse** nie. Meervoud: **luukses**
lydensgeskiedenis (NIE *lyding* NIE): die geskiedenis van Christus se lyding

M

Maandagaande, Sondagaande (NIE Maandaemiddae of Sondae aande NIE)
my **ma-hulle**; my **oom Klaas-hulle**
majestueus; die **majestueuse** berge
Ons hou heelnaweek **makietie**.
politieke **maneuvers** uitvoer om verkies te word; ww.: **maneuvreer**
manipulasie – manipulasies; ww.: **manipuleer**
manjifiek; Dit was 'n **manjifieke** skepskop.
Die ou man is baie **mankoliek.** (siekerig, kranklik; wankelrig)
manskoen; mansandaal (Net EEN *n*)
marathon OF **maraton**
marijuana
masjinerie; masjinis
mayonnaise
mediumskoot, nabyskoot, verskoot in 'n fliek (EEN woord)
'n **meisieskool** en 'n **seunskool**
melancholies OF **melankolies** (swaarmoedig, swartgallig)
Hy is besig om sy **memoires** te skryf.
Menige mens sal met my saamstem.
'n Menigte mense sal met my saamstem.
Hy is 'n **mens-mens**.
meubileer OF **meubeleer**
Al die **meublement** OF **meubelment** OF **ameublement** van die huis is verkoop.
miaau
millennium
minibustaxi
Sommige mense voer 'n **miserabele** bestaan.
miskien (NIE *meskien* NIE!)
mis gooi, mis skiet (letterlik "nie raak nie") MAAR **miskyk, misloop, mistas** (figuurlik)
Ek wil my **misnoeë** uitspreek oor …
Sy **modelleer** die nuutste klere.
moduleer (om jou stem te buig, bv. as jy voordra)
moderator – moderatore OF **moderators**
modern; moderner; modernste. Ek wil dit **moderniseer.**
Moenie word geassimileer. Moenie skryf "moet nie'" NIE!
Dit was 'n **moewiese** (baie groot) fout.
Dien die medisyne **mondeliks** toe.
Ek moet dit **mondelings** oordra; 'n **mondelinge** eksamen
Hard met **moederaarde** kennis maak: hard val op **moedverloor** se vlakte
moeë; moeg; **moeër**; moegste
Hy **monitor** OF **moniteer** die werk wat ons doen.
monnik - monnike
Ek wil my eers gaan **mooimaak**.
moondhede (sterk lande)
môre OF **more**
Hy sny sy vinger **morsaf**.
muskiet

N

Ek soek **naarstiglik** (ywerig, haastig) na my selfoon. (NIE *naarstigtelik* NIE)
Ek kom net gou **nagsê** OF **nagsoen.**
naderhand [NIE *laterhand* NIE]
naïef; naïewe; 'n persoon se **naïwiteit**
narkotiseur
navolgenswaardige
nepotisme (begunstiging van familie en vriende by die toekenning van poste)
Ek sal dit **netnoumaar** doen.
Jy verstaan dit**, nè?** (ALTYD 'n komma; die gravis op die *e* en dan 'n vraagteken)
net so OF **netso**

net so wel (DRIE woorde)
Ek is **nieamptelik** lid van die komitee.
nog steeds (TWEE woorde)
noudat MAAR **nou eers**
Nou ja OF **Nouja**, kom ons gaan slaap.
Nuwejaar is ’n vakansiedag. In die **nuwe jaar** wil ek harder werk.
Nou is ek **nugter wakker**.
nuuskierig

O

Sy **oe en aa** toe sy die oulike baba sien.
Dis alles **oëverblindery.**
Hy is iemand met baie **oemf.**
Dit was ’n groot **okkasie**. (NIE oekasie NIE)
’n **hartomleidingsoperasie**
al die **omstanders** (net soos **buitestander**)
Dis vir my **alles om ’t ewe**.
Hy vra **om** verskoning. (NIE *onverskoning* NIE)
omverwerp: Die regering is **omvergewerp**.
onervare; onervarenheid
ongerymdhede (dit wat nie behoort te wees nie; in stryd met gesonde verstand)
Hy is ’n **ongure** vent. Dis **ongure** weer.
onmiddellik MAAR onverbiddelik
onmoontlik
onnosel; Jou **onnosele** vent!
Die appels is ons **s’n**; julle **s’n**; my ma **s’n.** (‘n verkorte vorm van die woord *syne*)
onstuimige see (NIE *ontstuimig* NIE)
Hy is **onverrigter sake** OF **onverrigtersake** daar weg. (sonder om iets uit te rig)
jou oog is in jou **oogkas**. Meervoud: **oogkasse**
Hulle was verlief met die eerste **oogopslag**.
Wat jy **ook al** sê, ek glo jou nie. (Altyd TWEE woorde)
Hoeveel appels sal jy **oorhê**? Al die geld wat hy **oorhet** OF **oorgehad** het. (EEN woord)
oorskry (oor die grense gaan): Jy **oorskry** nou jou opdrag. Dit **oorskry** die perke van welvoeglikheid. Jy **oorskry** die spoedgrens.
Die eksamen is **op hande**. (baie naby)
Hy is **op heter daad** OF **op heterdaad** betrap.
op pad (Altyd TWEE woorde)
opponent; opposisie; Hulle **opponeer** ons.
op sigself
Hy is nog **op skool.** (NIE op *die* skool NIE)
Hy is **op slag** dood. (dadelik, onmiddellik)
Ek is **op soek** na my bril. MAAR Ek moet dit in die woordeboek **opsoek**.
Sy hou haar altyd so **opstêrs**. (hoogmoedig)
ordonnansie
oriëntering; oriënteer
orraait OF **orrait; orraaiterig** OF **orraiterig**
ouder gewoonte OF **oudergewoonte**
oukei
outisties
outomaties

P

paadjie (*pad*) en **blaadjie** *(papierblad*)
Ek moes **padgee**. Ek het **padgegee**.
my **pa-hulle**; my **ma-hulle**; my **oupa-hulle**; my **oom-hulle** (Maar NIE *u-hulle* NIE)
Die motor is herstel; en is nou **padwaardig**. Ons is **padvaardig** en kan maar vertrek.
pak gee; pak kry (TWEE woorde)
pak slae (TWEE woorde, net soos bv. *sak sout*)
pakket; pakkette
papegaai
jou **paraaf** (voorletters) **Parafeer** gou hier.
paraffien
paragraaf; paragrafeer (vorm paragrawe)
parallelle lyne; **parallelogram**
passasier
Hulle is **patrollie**. Hulle **patrolleer** die gebied.
Ek is nou heeltemal **pê** of **poegaai**.
Jou werk is op ’n hoë **peil**. Ek kan **peil** trek op jou. Hy **peil** (meet) die diepte van die water.
Hy’s my groot **pel.**
Hy is vreeslik **pellie-pellie** met almal.
peloton
Ons gaan nou **perdry**.
personifikasie; werkwoord: **personifieer**
peperment OF **pipperment**
plakkaat – plakkate
platform
Hy loop hom **te pletter**; ’n **plettervat** in rugby
polisie; sigbare **polisiëring** in die woonbuurtes
populêr; streef na **populariteit**
populier; populiere
portefeulje
portjackson; ‘n **portjacksonboom**
positief (klem op die laaste lettergreep)
potpourri (mengsel; mengelmoes)
die **première** van die nuwe fliek
president (Sy woning is die **presidensie.**)

As jy hom oorsien, skep jy ’n **presedent** (voorbeeld wat nagevolg kan word)
prieel - priële
probleem; problematies
professie (beroep); ’n **professionele** atleet
professor; sy **professorale** intreerede
programmeer (stamwoord= *program*)
progressief; die **progressiewe** kandidaat
prokureur
propaganda; die artikel is **propagandisties**
proteïen - proteïene
Ek sal my voorregte **prysgee.** (EEN woord)
psigiater; **psigiatriese** behandeling
pyl (soos ’n **pyl** uit ‘n boog). Hy **pyl** op die doellyn af.
pylvak (die laaste reguit deel van die atletiekbaan)

R

Ek hoop ons sal mekaar weer **raak loop**.
Jy moet die bok **raak skiet.**
raffinadery; werkwoord: **raffineer**
tennisraket (klem op laaste lettergreep); dus **rakette**
rebel - rebelle; rebellie; Kinders **rebelleer** teen hul ouers.
Ek sal sonder die notas moet **regkom**.
Ek het al die foute **reggemaak**. (EEN woord, net soos **staatmaak** en **klaarmaak**)
reën; reënerig
Die **regisseur** behartig die **regie** van die fliek.
Hy glo aan **reïnkarnasie** OF **re-inkarnasie.**
rekeninkie; koninkie
remedieer; Ons doen **remediëring**.
Renaissance
reparasie; **Repareer** asb. my horlosie.
restaurant, restourant Hy is ’n **restaurateur.**
reusehaai; reusetaak (*reus* is nie ’n b.nw. nie, maar die eerste lid van ’n samestelling; daarom is dit dus EEN woord**)**
rinneweer OF **verrinneweer**
Ek is so moeg vir die vervelige **roetine**.
die vierde **ronde** OF **rondte** van die geveg
Hy draf al in die **rondte**.
Hy hou van **rondloop**.
Dis **rooigety**; moet dus nie die skulpvisse eet nie.
rooiwyn EN **witwyn** (Dit is samestellings.)
Ons tref die **reëlings** vir die basaar. MAAR Hou aan die **relings** van die trap vas.
Die plaashuis is nou ’n **ruïne**. Sy vrou se spandabelrigheid het hom **geruïneer**.
ruspe OF **rusper**

S

saffier - saffiere
satelliet - satelliete
scenario – scenario’s
sebra – sebras (NIE z*ebra* NIE.)
seël, soos **posseël** (In Nederlands is dit *zegel*) MAAR **doopseel** (‘n bewysstuk)
seerkry; het **seergekry**
seevaarders, kruisvaarders MAAR **voorvaders**
seggenskap
sekretaris; sekretaresse; **sekretariële** werk
ag sies tog!
silhoeët - silhoeëtte
sillabe (lettergreep)
sillabus (leerplan)
Ag **sjarrap**, man!
die **simmetrie**; **simmetries** (Let op die klem.)
simptoom - **simptome**; dis **simptomaties** van die siekte
sinistere (onheilspellende, skrikwekkende)
sjokolade
Die plant is die heel **skaarsste** in die hele wêreld. MAAR Daar is ’n groot **skaarste** aan hulpbronne.
Ons hoop nie iets gaan **skeefloop** nie.
Ons moet **skoolgaan**. Die juffrou moet **skoolhou**. (NIE skoolgee NIE)
skoolloopbaan
Ek **skrap** jou naam van die lys. MAAR ek **skraap** die wortels.
Dis ’n **skreiende** skande! Dit **skrei** ten hemele. (die stam = *skreeu*)
Dit is ons **s’n**; julle **s’n**; my oom-hulle **s’n**
Ek het **so iets** nog nooit tevore gesien nie.
sommer
’n **Sonnet** is ’n gedig van 14 reëls (TWEE *n’e*)
Ek het dit **so pas** uitgevind.
spesifiek; hierdie **spesifieke** woord
sprinkaan
Jy kan op my **staatmaak**.
standaard; **standaardisering** (TWEE a’s, want dis ‘n geslote lettergreep: *stand-**daar**-di-se-*

ring) [Vergelyk met **beoordeling:** *be-oor-**de-ling*** waar ***de***- ’n oop lettergreep is.]
Sy hare is **steil** (reguit). Haar hare is in ’n moderne **styl** gesny. Ek hou van die **styl** waarin die roman geskryf is.
sterk punte OF **swak punte** (TWEE woorde)
stilering; Die haarkapper **stileer** haar hare;
stoffering; Ek wil die rusbank **stoffeer.**
stokkiesdraai; het **stokkiesgedraai**
surrogaat (paasvervanger)
swaarkry OF **swaar kry**
die **swartskaap** van die familie (figuurlik)

T

T-hemp; **T-hemde**
tapisserie – tapisserieë (klem op laaste sillabe)
tatoeëer; tatoeëring; tatoeëermerk
Hulle staan **teenmekaar** (naby mekaar) MAAR Hulle veg **teen mekaar**. (TWEE woorde)
te alle tye OF **ten alle tye**
technikon OF **tegnikon**
te eniger tyd
teenstander
tegelykertyd
Hy gaan so **te kere** OF **tekere**.
telefoon; televisie; telekommunikasie
ten toon stel
terneergedruk
terselfdertyd
Doen dit **ter wille** OF **terwille** van die saak.
teweegbring; teweeggebring
tienrandnoot; vyfrandstuk
Ek is mal oor **steak en skyfies** OF **tjips;** ’n **vis-en-skyfies-winkel** OF ’n **vis-en-tjips-winkel**
Ons sal dit sommer **tjop-tjop** afhandel.
toustaan; Ons het ure lank **tougestaan.**
Ek sal jou **touwys** maak.
trauma OF **trouma; traumatiese** OF **troumatiese** (skokkende) ervaring
Hulle is seker die **trotsste** ouers in die wêreld.
toe-eien; toegeëien
toemaar OF **toe maar**
toewy; Hy dien die saak met **toewyding.**
toi-toi; toi-toiery
totsiens OF **tot siens**
traak-my-nieagtig
transparante
triesterig OF **triestig** OF **trietserig** OF **trietsig**
triomfantlik OF **triomfantelik**
‘n **trompop** botsing
‘n **tsoenami** (getygolf)
Tydstip altyd een woord: **eenuur, drieuur**
Tydsduur twee woorde: **drie uur** of **ses uur**
Twaalfde Straat OF **Twaalfdestraat**
tweede; tweedehands
tweespalt (verdeeldheid, twis, onenigheid): Daar is **tweespalt** in die span.
in die **twintigste eeu**; Dit is **twintigste-eeus.** (EEN woord as byvoeglike naamwoord)

U

uitfaseer (afgelei van *fase*)
uitmekaargaan OF **uitmekaar gaan**
Leen vir my jou **uitveër**; ek wil my foute **uitvee.**
uitwei oor ’n saak (breedvoerig praat) MAAR ‘n saal **inwy**
Hulle gaan **uitmekaar**.
uniform – uniforms; uniformiteit (eenvormigheid)
universeel; **universaliteit**
universiteit; ‘n **universitêre** opleiding

V

Hy is ‘n **vandaal**. **Vandalisme** is ’n groot probleem by sommige skole.
vandisie OF **vendusie**
van voor af (begin), soos **van kleins af**
voorin; agterin, agteraan OF **voor in, agter in, agter aan**
vegetariër; Sy volg ’n **vegetariese** dieet.
Hulle het hul lewe **veil** vir hul land. (sal hul lewe opoffer vir hul land)
Hulle **vel** die bome. (afgelei van *val)* Die regter **vel** die vonnis.
verafgod OF **verafgood**
Baie tyd het **verbygegaan**.
Ek sal **vereers** OF **vir eers** stilbly.
Sy lyk mooi **viets** (netjies, deftig) en fyn.
Ek sal **vir seker** OF **verseker** (beslis) kom oefen.
Hy staan daar **ver** OF **vêr**.
Hy wil sy naam **verewig.** (’n werkwoord)
Dit duur **vir ewig** (*vir altyd*) voor die klok lui.
verifieer (kontroleer om seker te maak dat dit eg is); die **verifiëring** van die punte
Jy moet jou besittings **verseker** teen diefstal.
veranda - verandas
Die man is na sy dood **veras.** Die **verassing** het by die krematorium plaasgevind.
verjaardag OF **verjaarsdag**

verleentheid net soos **geleentheid** (SONDER ’n deelteken, al is die stam *verleë*)
Doen dit na die beste van jou **vermoë**; meervoud: **vermoëns**.
Hy **verontskuldig** homself.
Dit was ’n heerlike **verrassing; verrassinkie.**
Die meubels is **verrinneweer**.
‘n groot **verskeidenheid**
verslae; ’n gevoel van **verslaenheid** OF **verslaentheid**
Ons smul aan al die **versnaperinge.**
verworwe immuniteitsgebreksindroom
Die belangrike woorde is in **vetdruk.**
video’s
vitamien – baie **vitamiene** OF **vitamine** - baie **vitamines**
viviseksie (operasie op lewende diere vir wetenskaplike doeleindes; vergelyk **disseksie**: op ’n lyk)
vlermuis (sonder ’n kappie)
Sy **vly** haar op die kussings van die bank. saggies, gerieflik neerlê)
Ek is **vodde** na die eksamen (baie moeg)
Toe die kar breek, moes ons **voetslaan**.
op **voetsoolvlak** (vlak van die gewone mens)
volwassene
die **vonkel** in haar oë
die **vonds – vondste** (wat gevind is)
Dis heeltemal **voor die hand liggend**
voorreg; bevoorreg
voorstander; teenstander of **teëstander**
voorvaders MAAR **seevaarders**
Hy doen dit onder valse **voorwendsels** (maak asof dit waar is)
Hulle wou die straf **vryspring**.
Hy wil sommer **vuisslaan.**
Die groen druiwe smaak **vrank**.
vroeë
Dis **vulgêr**. Moenie **vulgêre** grappe vertel nie.
Sy **vyl** haar naels met ’n **naelvyl.**

W

Ek **waardeer** *[appreciate]* al die moeite
waardeur *[through which]* jy moes gaan om hier uit te kom.
wanneer (NIE *wanner* NIE)
Ek moet reg spel, **want** dis belangrik. (NIE *wan* of *van* NIE)
Die venster is **wawyd oop**. Ek **is wawyd wakker**.
wedywer; die **wedywering** tussen die spanne
die **wel en wee** van ons ou dorpie.
weer eens OF **weereens**
wegholoorwinning; wegholveldbrand
weifel (aarsel, besluiteloos wees): Sy **weifelende** antwoord klink nie opreg nie.
weldeurdagte (wat goed bedink is)
welversorg; welopgevoed MAAR **goed versorg** (TWEE woorde, want ‘n mens kan praat van **beter** of die **bes versorgde**)
wispelturig (veranderlik) *[fickle, capricious]*
witbrood; witsuiker; witwyn (EEN woord)
Moenie so **worrie** OF **wharrie** nie!
Ons **wy** die saal in; **inwyding**. Ek **wy** my aan die saak. MAAR Sy **wei** altyd so lank uit oor haar kinders se prestasies.
Hy probeer my **wysmaak** (laat glo) dat ek nie vir die speltoets hoef te leer nie.

X

xenofobie (vreemdelingehaat); die **xenofobiese** aanvalle teen uitlanders
xilofoon (slaginstrument wat met houthamers bespeel word)
x-strale; x-straalondersoek

Samesteller:
Adinda Vermaak
Kurrikulumadviseur: Afrikaans
Distrik Metro-Noord
Wes-Kaap Onderwysdepartement
Januarie 2009

BRONNE

Hoofsaaklik uit: *Afrikaanse woordelys en spelreëls.* Ook voorbeelde uit die lys met informele woorde, d.w.s. Omgangsafrikaans, pp.-527-534) Negende uitgawe. Pharos, 2002; asook tipiese spelfoute uit leerders se skryfstukke, en uit Dalene Müller: ***Skryf Afrikaans van A tot Z.*** Pharos, 2003

taalarsenaal.yolasite.com